


HOËRSKOOI
Garsfontein





"Dis 'n fees om 'n Garsie te wees!"



Inhoudsopgawe

- (2) **Leerareas / Vakkeuse Graad 8 en 9**
- (3) **Vakkeuse Graad 10, 11 en 12**
- (4) **Tale**
 - Afrikaans
 - Engels
 - Frans
- (7) **Lewensoriëntering**
- (8) **Wiskunde**
 - Wiskunde
 - Wiskundige Geletterdheid
- (9) **Ekonomiese Wetenskappe**
 - Besigheidstudies
 - Ekonomie
 - Rekeningkunde
- (12) **Natuurwetenskappe**
 - Fisiese Wetenskappe
 - Lewenswetenskappe
- (14) **Sosiale Wetenskappe**
 - Geografie
 - Geskiedenis
- (16) **Rekenaarverwante vakke**
 - Inligtingstegnologie
 - (Programmering: Delphi)
 - Rekenaartoepassingstegnologie
 - (Sagtewarepakette)
- (18) **Ingenieursvakke**
 - Ingenieursgrafika en -ontwerp
 - Siviele Tegnologie
- (20) **Kunste**
 - Dramatiese Kunste
 - Ontwerp
 - Visuele Kuns
- (23) **Dienste**
 - Gasvryheidstudies
 - Toerisme

Verpligte Leerareas - Graad 8 en 9

- Afrikaans Huistaal
- Engels Addisionele taal
- Sosiale Wetenskappe
- Tegnologie
- Wiskunde
- Natuurwetenskappe
- Kuns en Kultuur
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- Lewensoriëntering

Verrykingsvakke - Graad 8

Kies een vak:

- Rekenaarvaardigheid
- Spraak en Drama
- Spyseniering
- Turbo CAD
- Wiskunde Remediëring
- Atletiek
- Netbal
- Hokkie
- Krieket

Verrykingsvakke - Graad 9

Kies een vak:

- Kuns
- Rekenaarvaardigheid
- Spraak en Drama
- Spyseniering
- Turbo CAD
- Wiskunde Remediëring
- Wiskunde Plus
- Hokkie
- Krieket

Leerders neem sewe vakke waarvan twee amptelike tale moet wees. Lewensoriëntering en Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid is verpligtend.

Tale

- Afrikaans Huistaal
- English Home Language or English First Additional Language
- Frans Tweede Addisionele Taal (Slegs graad 12 in 2011)

Lewensoriëntering

Wiskunde

- Wiskunde
- Wiskundige Geletterdheid

Leerders moet drie vakke kies uit die lys van vakke hieronder:

Ekonomiese Wetenskappe

- Rekeningkunde
- Besigheidstudies
- Ekonomie

Natuurwetenskappe

- Fisiese Wetenskappe
- Lewenswetenskappe

Sosiale Wetenskappe

- Geografie
- Geskiedenis

Rekenaarverwante vakke

- Inligtingstegnologie (Programming: Delphi)
- Rekenaartoepassingstegnologie (Sagtewarepakkette)

Ingenieursvakke

- Ingenieursgrafika en -ontwerp
- Siviele Tegnologie

Kunste

- Dramatiese Kunste
- Ontwerp
- Visuele Kuns

Dienste

- Gasvryheidstudies
- Toerisme



VOORBEREIDING VIR VAK IN GRAAD 8 – 9

Die grondslag vir Afrikaans Huistaal Graad 10, 11 en 12 word in die UGO-fase in graad 8 en 9 gelê.

LEERINHOUD

- Lees- en skryfvaardigheid.
- Taalvaardigheid – veral spelling en woordeskat.
- Letterkunde – lees en waardering van prosa, poësie en drama.
- Luister- en praatvaardigheid.

VAKVERWANTE AKTIWITEITE

- Redenaars : Intern, ATKV, Van Huyssteenskompetisie, Radikale Redenaars en Graad 11-onvoorbereid.
- Afrikaans-Olimpiade, Afrikaans-Ekspo en Skryfkompetisies.

ADDISIONELE HULP

Lees- en leerprobleme : Leerders word na die Opvoedkundige sentrum verwys. Afsprake word met personeel gereël.

SPOGPLEKKIE

2008 : Drie Garsies is nasionale kategoriewenners : Afrikaans-Ekspo.
2009 : Twee Garsies dring deur na ATKV-redenaars : halfeindronde.
Heinrich Wessels die landswye wenner van die Radikale Redenaars (Gr 12).
Ongeveer 120 Garsies neem aan die Afrikaans-Olimpiade deel.
Matrikulante verwerf 47 A-simbole.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Kommunikasie : joernalistiek, taalpraktisyn, skakelwerk, vertaler, onderwys, radiowese.

VOORBEREIDING VIR VAK IN GRAAD 8 – 9

In Grades 8 and 9 learners should already be able to speak and read English fluently.

LEERINHOUD

English is taught on two levels for learners from gr 8 – 12:

- English Home Language :
It entails a very analytical approach to the study material, where four literary genres are compulsory.
- With First Additional Language learners are required to speak and write the language on various levels.

VAKVERWANTE AKTIWITEITE

The annual celebration of Shakespeare Day, Public speaking, English Olympiad and essay, poetry and language writing competitions.

ADDISIONELE HULP

Extra classes for the weaker student, ongoing evaluation of reading and writing skills.

SPOGPLEKKIE

In 2007 two of our students were respectively winner and runner up in the Oxford Essay Writing Competition. In 2008 two of our grade 11-students achieved a Top 100 position out of 5 360 students. In 2009 66 grade 12 learners had a distinction for English FAL.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Advocate, Public Relations, Legislator, Journalism, Advertising manager, Editor, Graphic design, Paralegal, Columnist, Writer, Reporter, Data Processing, Critic, Retailing/Buying, Publicity & Promotion, Acquisitions Editing, Banking, Interviewer, Tutor, Lobbyist, Translator, Government Relations, Press Representative, ect.



Frans word slegs vir graad 12 in 2011 aangebied.

LEERINHOUD

Lees- en skryfvaardigheid, Luister- en praatvaardigheid, Taalvaardigheid en Letterkunde.

Leeders luister na klankopnames van Franssprekende mense, lees verskeie tekste oor aktuele kwessies en word ook blootgestel aan Letterkunde.

VAKVERWANTE AKTIWITEITE

Kyk na Franse films.

ADDISIONELE HULP

Ekstra klasse word op versoek aangebied.

SPOGPLEKKIE

Frans bied toelating tot universiteitstudie.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

'n Kennis van Frans stel 'n mens in staat om deel te wees van daaglikse kommunikasie en transaksies in Frans op elke kontinent.

Vertaler, tolk, onderwyser, joernalis, skoonheidsdeskundige, mode-ontwerper.

Hoërskool Garfontein gebruik al die afgelope vier jaar die “Kids Development Academy” (KDA-program) vir Lewensoriëntering. KDA is ’n holistiese opvoedingsprogram wat leerders in staat stel om hulle potensiaal te ontwikkel en te bereik. Met die regte stimulasie en ervaring kan enige kind beter presteer, ongeag sy of haar huidige vlak van ontwikkeling.

VOORBEREIDING VIR VAK IN GRAAD 8 – 9

Lewensoriëntering is ’n verpligte leerarea vir gr 8 en 9 en in verpligte vak vir die VOO-fase.

LEERINHOUD

Die vak bestaan uit 2 komponente, nl. Teorie (75%) en Fisieke aktiwiteite (25%).

Lewensoriëntering rus die leerder toe om hom/haarself in die alledaagse aspekte van die daaglikse lewe te handhaaf. Kwessies wat aangespreek word, is konflikhantering, verhoudings, loopbaanrigtings, ens. Die fisieke komponent lê klem op liggaamlike fiksheid.

ADDISIONELE HULP

- Gr 9- tot 12-leerders wat hulp nodig het met vakkeuses of navrae oor tersiêre instansies het, is welkom om inligting te kom kry by die LO-opvoeders.
- ’n Jaarlikse ouerinligtingsaand word vir graad 9-ouers aangebied om inligting te verskaf rondom vakkeuses.
- Spekers uit verskeie vakrigtings en beroepe word deurlopend genooi om leerders te kom toespreek.



VOORBEREIDING IN GRAAD 8 – 9

Twee verrykingsvakke word aangebied. Wiskunde Plus word aangebied vir leerders wat van 'n uitdaging hou en Wiskunde Remediëring word aangebied vir die leerders wat sukkel om die tempo in die klas vol te hou.

LEERINHOUD

Die vier fokuspunte is:

- Algebra en funksies, getalle en getalverwantskappe, ruimte, vorm en meting, datahantering.
- 'n Derde, opsionele vraestel, maak voorsiening vir meetkunde en waarskynlikheid.

In Wiskundige Geletterdheid word dieselfde temas gedek, maar met die klem op praktiese gebruik en toepassings.

VAKVERWANTE AKTIWITEITE

Wiskunde Vraestel 3 word na-ure aangebied vir leerders wat belangstel. Alpha Wiskunde is 'n gevorderde Wiskunde-kursus wat aangebied word vir leerders wat Wiskunde benodig in hul tersiêre studies. Hierdie kursus is vir leerders van graad 10 -12 en word in die namiddag aangebied. Leerders het ook die geleentheid om aan die Wiskunde-olimpiades deel te neem.

ADDISIONELE HULP

Elke Wiskunde-onderwyser is vir een uur per middag beskikbaar vir ekstra hulp.

SPOGPLEKKIE

'n Baie groot persentasie van ons leerders neem Wiskunde en ons spog met uitstekende matriekuitslae.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Wiskunde is nodig vir die studie in enige B.Com of B.Sc-rigting.

VOORBEREIDING VIR VAK IN GRAAD 8 – 9

In beide graad 8 en 9 word EBW verdeel in EBW-Besigheidstudie en EBW-Rekeningkunde. Dit beteken dat spesialisanderwysers elke vak aanbied. Dit vergemaklik die vakkeuses aan die einde van graad 9 en dit het daartoe gelei dat die departement Ekonomiese Wetenskappe groot groei getoon het.

Besigheidstudies is 'n baie gewilde keusevak vir graad 10 tot 12 en tel as 'n toelatingsvak vir universiteitstudies.

LEERINHOUD

In die leerinhoud word gefokus op sake-omgewings, sakegeleenthede, sakerolle en sakebedrywighede. Aandag word gegee aan die ontwikkeling, evaluering en ontleding van strategieë, die kritiese evaluering van sakegeleenthede en etiese en effektiewe sakepraktyke.

VAKVERWANTE AKTIWITEITE

'n Jaarlikse markdag word met groot sukses deur die graad 11-leerders aangebied.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Enige B.Com-graad aan 'n tersiêre instelling wat kan lei tot beroepe soos:

- Aankoper, bemarker, finansiële bestuurder, projekbestuurder, skakelbeampte, bestuurskonsultant, opleidingsbeampte, beleggingsbestuurder, arbeidskonsultant, risiko-analis, ens.
- 'n Beroep kan by enige finansiële instelling gevolg word.
- Onderwys
- Eie besigheid



LEERINHOUD

Daar word gefokus op die makro-ekonomie, mikro-ekonomie en ekonomiese strewes. Die makro-ekonomie sluit aspekte in soos die ekonomiese kringloop, die ontleding van nasionale rekeninge, groottotale en sakesiklusse, die buitelandse valutamark en die totstandkoming van wisselkoerse. Verder word aandag gegee aan kontemporêre ekonomiese kwessies, wat inflasie, toerisme en armoede insluit.

VERWANTE AKTIWITEITE

Graad 12-leerders neem deel aan die JEB Nasionale Beleggingskompetisie. Daar is ook interne beleggingskompetisies waaraan al die leerders verplig is om deel te neem.

Top-ekonome van Dynamic Wealth het al 'n paar praatjies kom lewer aan die Ekonomie-leerders.

SPOGPLEKKIE

Daar was vyf leerders wat aan die JEB-beleggingskompetisie deelgeneem het. Leerders van 500 hoërskole neem aan dié kompetisie deel, en ons het 'n topvyf-posisie behaal.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Enige B.Com-graad of Finansiële diploma aan 'n tersiêre inrigting.
Finansiële instellings, ekonoom, onderwys en ekonomiese raadgewer.

VOORBEREIDING VIR VAK IN GRAAD 8 – 9

In beide graad 8 en 9 word EBW verdeel in EBW-Besigheidstudie en EBW-Rekeningkunde. Dit beteken dat spesialisanderwysers elke vak aanbied. Dit vergemaklik die vakkeuses aan die einde van graad 9 en dit het daartoe gelei dat die departement Ekonomiese Wetenskappe groot groei getoon het.

LEERINHOUD

Finansiële Rekeningkunde fokus op die boekstaving van transaksies asook die ontleding en vertolking van finansiële state. Verder word aandag gegee aan Bestuursrekeningkunde en die bestuur van hulpbronne.

VAKVERWANTE AKTIWITEITE

Graad 12-leerders neem deel aan die Rekeningkunde Olimpiade wat op nasionale vlak deur SAIPA gereël word. 'n Besonder groot groep van ons leerders het deurgedring na die tweede rondte.

SPOGPLEKKIE

Rekeningkunde se matriekuitslae was in 2007 en 2008 uitstaande en van die beste in Gauteng. Babette Roberts is in 2009 aangewys as die beste Rekeningkunde-leerder in Pretoria en 46 van die 99 graad 12-leerders het onderskeidings behaal.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Enige B.Com-graad of Finansiële diploma aan 'n tersiêre inrigting. Geoktrooieerde rekenmeester, professionele rekenmeester, ouditeur, belastingspesialis en die onderwys.



VOORBEREIDING VIR VAK IN GRAAD 8 – 9

’n Leerder moet ten minste 50% in die leerarea Natuurwetenskappe behaal en ’n belangstelling in die vak toon.

LEERINHOUD

Ons bestudeer o.a. die diereryk, die planteryk, die sonnestelsel, eienskappe van materie, kragte en chemiese bindings. Leerders word geleer om wetenskaplike ondersoeke te kan doen en data te kan interpreteer.

VAKVERWANTE AKTIWITEITE

Ons doen verskeie eksperimente, hou ’n Garsie Wetenskap Expo, asook ’n brugboukompetisie.

ADDISIONELE HULP

Daar word op ’n gereelde basis ekstra klasse aangebied.
Winterskool vir die Graad 12’s.

SPOGPLEKKIE

Ons het ons eie Wetenskapweek, waartydens ons interessante uitstappies reël.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Ingenieurswese, Farmasie, Medies, Fisioterapie, Veeartsenykunde, Argitektuur, Optometrie, ens.

VOORBEREIDING VIR VAK IN GRAAD 8 – 9

In graad 8 en 9 word leerders aan die leerarea Natuurwetenskappe blootgestel. Hier word o.a. aandag aan die volgende temas geskenk : Lewe en lewende dinge (mikroskope, respirasie, sirkulasie, ekskresie, voortplanting), Energie en verandering (organisasie van selle) en die Planeet Aarde (bewing, biodiversiteit).

LEERINHOUD

Graad 10:

Biodiversiteit en verandering (selle, plant- en dierweefsels, lewensprosesse, voeding, fotosintese, respirasie, asemhaling).

Graad 11:

Selle, weefsel en molekule studies, Lewensprosesse, Biodiversiteit en verandering (skelet-, vervoer-, uitskeiding- en sensoriese stelsels)

Graad 12:

Genetika, Voortplanting, Omgewingstudies, Evolusie.

VAKVERWANTE AKTIWITEITE

By Hoërskool Garsfontein word die leerders die geleentheid gegee om die werklike organe tydens praktiese periodes te bestudeer.

'n Garsie Wetenskap Expo word elke jaar aangebied, waartydens leerlinge hulle navorsingsprojekte kan uitstal. Leerders neem ook jaarliks aan 'n Lewenswetenskap-olimpiade deel.

Interessante sprekers word ook gereël om oor verskillende onderwerpe te kom praat, soos bv. die gestremde se lewe. Uitstappies na plekke, soos Maropeng, word jaarliks vir die gr 10- en 11-leerders gereël.

SPOGPLEKKIE

Die afgelope jare was die gr 12-vakgemiddeld altyd bo 65%.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Apteker, Biokinetikus, Dieetkundige, Homeopaat, Mediese dokter, Mikrobioloog, Veerarts, Wynmaker, Verpleging, Parfumer, ens.



VOORBEREIDING VIR VAK IN GRAAD 8 – 9

Leerders word in die leerarea Sosiale Wetenskappe voorberei op die vak Geografie. Hierdie leerarea fokus op Aardrykskundige ondersoek, kennis en begrip, asook die verkenning van vraagstukke.

Geografie word ook as agtste vak aangebied en is 'n vak wat universiteitstoelating moontlik maak.

LEERINHOUD

Kaartwerk, GIS (Geografiese Inligtingstelsel), Klimaatkunde, Geomorfologie, Ekologie, Oseanografie, Nedersettings, Bevolkingsaardrykskunde en Volhoubaarheid word bestudeer.

Geografie is 'n toegepaste wetenskap wat daarop ingestel is om kennis in te win en dit dan toe te pas om oplossings te vind op plaaslike, nasionale en kontinentale vlak.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

- Omgewing:
Stadsbeplanning, argitektuur, natuurbewaring, landbou, bosbou, weerkunde, waterwese en grondwese.
- Wetenskaplik:
Energie-voorsiening, geologie, ingenieurswese, oseanografie, argeologie, marine-bioloog, ekologie en omgewingsgesondheid.
- Wiskundig:
Geografiese Inligtingstelsel (GIS), afstandswaarneming (GPS), kartografie, versekering, bankwese, landmeting en demografie.
- Toerisme:
Hotelbestuur, Nasionale Parke, Lugdiens, toerleiers, gidse en ekotoerisme.
- Maatskaplik:
Onderwys, regte (omgewingsake), lugmag, weermag, polisie en binnelandse/ buitelandse sake.
- Bestuur:
Plaaslike regering, Hulpbronbestuur en Departement van Handel en Nywerheid.

VOORBEREIDING VIR VAK IN GRAAD 8 – 9

In graad 8 en 9 word leerders aan die leerarea Sosiale Wetenskappe blootgestel. Hierdie leerarea fokus op die tyd-ruimtelike oriëntasie van die leerders, sodat hulle 'n begrip kan kry van waar hulle hulleself bevind en wat aanleiding gegee het tot die situasie waarin hulle tans verkeer.

LEERINHOUD

Geskiedenis bestudeer die gebeure en menslike aktiwiteite wat in die verlede plaasgevind het. Die studie van Geskiedenis behels geskiedkundiges se pogings om die verlede beter te verstaan, en hulle historiese ondersoek en interpretasie van gebeure wat in die verlede plaasgevind het.

Geen mens kan sy geskiedenis misken nie, want die mens se lewe word voortdurend deur die verlede beïnvloed. Geskiedenis help leerders om 'n eie identiteit te ontdek en te ontwikkel, en die waardes wat vir hulle samelewing van belang kan wees, te kan identifiseer.

Geskiedenis is 'n vormende vak, want die leerders ontdek die faktore wat aanleiding gegee het tot die huidige situasie. 'n Studie van Geskiedenis help leerders om veranderinge in 'n groter historiese en omgewingskonteks te verstaan.

Die studie van Geskiedenis is interessant, omdat dit handel oor mense se probleme, vreugdes en aspirasies. Leerders kan identifiseer met die herkoms van die menslike kondisie. Die bestudering van Geskiedenis verg 'n denk- en redenasievermoë wat 'n mens later op vele terreine kan toepas.

Geskiedenis as vak behels glad nie meer 'n memorisering van datums nie, maar vereis van leerders om historiese gebeure en mense se optrede in die huidige konteks te interpreteer en te verklaar.

Die leerinhoud is interessant en spotprente en foto's, allerlei bronne en statistieke word bestudeer.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

'n Kennis van die geskiedenis van die mensdom is 'n basis vir verskeie beroepe, o.a. die argeologie, politiek, toerisme, onderwys, teologie, ontwerp, die regte en die media.



LEERINHOUD

Benewens die teorie-komponent word die klem gelê op programmering. Delphi word gebruik en die leerders sal teen die einde van graad 12 ten volle toegerus wees om toepaslike programme te kan skryf. Ons doen elke jaar 'n groot projek.

- Teorie:
 - Rekenaarapparatuur en toestelle
 - Nuwe en toekomstige tegnologie
 - Netwerke
 - Stelselprogrammatuur
 - E-kommunikasie
 - Sosiale implikasies van die rekenaar
 - Loopbane
- Prakties:
 - MS Excel Sigblad
 - MS Access Databasis
 - Delphi-programmering
 - Algoritme ontwerp
 - Datastrukture
 - Databasis ontwerp
 - Bestuur van Informasie
 - Probleemoplossing en formulering
 - Toets van programme
 - Gebruikerskoppelvlak

ADDISIONELE HULP

Internetdienste is deurlopend beskikbaar vir navorsing en take. Sentrum (BG 9) is beskikbaar op Dinsdae, Woensdae en Donderdae (14:00 tot 15:00) vir take en navorsing.

SPOGPLEKKIE

Volledig toegeruste sentrums met internet.
Vakgemiddeld van 70+% in Gr 12.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Informatika, Programmering, B.Sc. Rekenaarwetenskap, enige B.Com-graad. I.T. bied 'n baie belangrike grondslag vir enige rekenaargedrewe beroep.

VOORBEREIDING VIR VAK IN GRAAD 8 – 9

In graad 8 en 9 is Rekenaarvaardigheid 'n keusevak.

LEERINHOUD

Klem word gelê op die verskillende pakkette, bv. Word en Power Point ('n aanbiedingsprogram). In Gr 10, 11 en 12 is die leerinhoud dan oorsigtelik van Word, en veral Excell (berekeninge) en Access (tabelle, navrae, verslae). Teen die einde van Gr 12 is leerders gereed om enige program te kan aanbied.

ADDISIONELE HULP

Sentrums is beskikbaar op Woensdae (14:00 – 15:00) vir take of navorsing. RTT as agtste vak vir Gr 10 - 12 , Woensdae (14:00 – 15:00). Internetdiens is deurlopend beskikbaar.

SPOGPLEKKIE

Volledig toegeruste sentrums asook internet en internetgebruik. Top 10 van elke graad word deurlopend uitgelig. Vakgemiddeld van 70+% in Gr 12.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

RTT is veral praktyk-georiënteerd. Leerders kan verskillende programme op enige plek vir enige beroep gebruik.



VOORBEREIDING VIR DIE VAK IN GRAAD 8 - 9

Tegniese Tekene word as komponent van die Tegnologie-leerarea in Graad 8 en 9 aangebied. Die leerders word stelselmatig gelei van eenvoudige tekentegnieke tot komplekse ortografiese en driedimensionele tekene. Hulle word ook blootgestel aan punte en lyne in die ruimte, wat later tot groot voordeel in die vak IGO sal geld.

LEERINHOUD

Ingenieursgrafika en -ontwerp kombineer kognitiewe en praktiese denke om kommunikasievaardighede visueel en grafies voor te stel.

Leerders kry die geleentheid om van vroeg af al te begin met die teken van huisplanne. Daar word met die heel eenvoudigste planne in gr. 10 begin, waarna die leerders stelselmatig gelei word om in matriek 'n volledige huis te kan ontwerp, wat 'n terreinplan, grondplan, aansigplan, rioolplan en elektriese bedradingsdiagram insluit.

Ander aspekte soos beskrywende meetkunde, snitte en metodes van veelvoudige aansigte word ook aangespreek in hierdie studieveld, wat 'n goeie grondslag bied vir verdere studie in ingenieursrigtings. Die grondslag op 2-puntperspektieftekene, helikse, lokusse asook isometriese tekene word goed vasgelê vir die leerders wat sou belangstel in kunstige ontwerpvoorleggings.

SPOGPLEKKIE

IGO is 'n geakkrediteerde toelatingsvak tot universiteitstoelating en lok net soveel belangstelling by dogters as by seuns. Elke jaar vergelyk ons uitslae in die Nasionale Senior Eksamen met die beste uitslae in Gauteng.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

'n Leerder wat 'n goeie tekenagtergrond opgedoen het met die neem van Ingenieursgrafika en -ontwerp is hoog in aanvraag by maatskappye wat gebruik maak van rekenaarondersteunde tekenprogramme in die bou-, tekstiel- en vervaardigingsbedryf.

Ander beroepe sluit onder andere die volgende in:

- Siviele, Elektriese en Meganiese Ingenieursvelde
- Konseptuele Ontwerp
- Vervaardiging
- Boukunde
- Argitektuur

VOORBEREIDING VIR VAK IN GRAAD 8 - 9

Dit word aanbeveel dat leerders in Gr 10 Wiskunde en Ingenieursgrafika en -ontwerp as deel van hul vakpakket neem.

LEERINHOUD

- Algemene veiligheid en die veilige gebruik van hand-, krag- en masjengereedskap.
- Kennis van materiale soos hout-, metaal-, plastiek-, glas- en sementverwante materiale.
- Basiese ontwerp en teken van huisplanne.
- Kennis oor die konstruksiebedryf, nl.
 - Beton, steen en pleisterwerk
 - Bekisting en staalbewapening
 - Uitgrawings en waterdigting
 - Dakbedekking en afwerking
 - Houtbewerking en meubelmakery
 - Siviele dienste soos watervoorsiening, riolering en elektriese stelsels
 - Hoeveelheidslyste en kostebereking
 - Toegepaste meganika, bv. skuifkragte en buigmomente, raamstrukture, swaartepunte en modules van elastiteit

SPOGPLEKKIE

Siviele tegnologie is dié enkele vak wat jou die meeste blootstelling gee aan al die komponente van die baie groot en wye konstruksiebedryf.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Die siviele ingenieursveld met al sy spesialiteitsvelde, bv. strukture, landskap en argitektuur, waterwese, brûe, spoorlyne, mynwese, stadsbeplanning en nog vele meer.

Konstruksie- en projekbestuur, Eiendomswaardasie, Loodgieter, Elektriesiën, Skrynwerker of Kabinetmaker.



VOORBEREIDING VIR VAK IN GRAAD 8 – 9

Tydens hierdie fase word dit as 'n verrykingsvak aangebied en daar word op effektiewe kommunikasie en groepwerk gefokus. Leerders word veral voorberei op die praktiese komponent van die vak.

LEERINHOUD

Die vak behels 50% teorie en 50% praktiese werk.

Die 4 komponente van die vak is die bestudering van dramatekste, teatergeskiedenis, beginsels van spraak asook praktiese werk wat beweging, mimiek, improvisasie en verhoogkuns insluit.

Dit is 'n omvattende vak wat uitdagings aan die leerders bied en vereis dat die leerders deurlopend voor keuses en kreatiewe uitdagings te staan kom.

VAKVERWANTE AKTIWITEITE

- BEELD Eisteddfod-dramakompetisie
- Toneelopvoerings
- Teaterbesoeke

ADDISIONELE HULP

Die praktiese komponent word na-ure inge oefen. Daar is ook ekstra hulp met teorie.

SPOGPLEKKIE

Ons toneelgroep het reeds verskeie kere baie goed gevaar in die ATKV-Tienertoneelkompetisie.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Regisseur, akteur/aktrise, nuusleser, filmregisseur, verhoogbestuurder, klank- en beligtingsoperateur, choreograaf, radio-omroeper, kostuumontwerper, stelontwerper, dramaterapie.

VOORBEREIDING VIR VAK IN GRAAD 8 – 9

Die leerarea Kuns en Kultuur dien as basiese voorbereiding vir Ontwerp en fokus op basiese kleurkunde, ontwerpbeginsels, ens. Dit is raadsaam om die verrykingsvak Kuns in graad 9 ten neem, waartydens die leerders bekendgestel word aan vaardighede t.o.v. Ontwerp en Visuele Kuns.

LEERINHOUD

Ons fokus op grafiese ontwerp, oppervlakte-ontwerp en 3D-ontwerp. Die teorie van ontwerp en navorsing oor ontwerpers in die industrie word ook gedoen. Leerders word geleer om kreatief lateraal te kan dink en met nuwe idees vorendag te kom. Ontwerp vereis fyn, netjiese en skoon werk en baie deursettingsvermoë.

VAKVERWANTE AKTIWITEITE

Kuns- en ontwerpuitstallings.

ADDISIONELE HULP

Leerders ontvang teken- en kunsklasse en addisionele hulp is twee middae 'n week ná skool beskikbaar.

SPOGPLEKKIE

Leerders vaar uitstekend by vele ontwerpkompetisies.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Grafiese, industriële en mode-ontwerp, Advertensie- en reklamewese, Illustrasies, Onderwys.



VOORBEREIDING VIR VAK IN GRAAD 8 – 9

Die leerarea Kuns en Kultuur dien as basiese voorbereiding vir Visuele Kuns. Dit is raadsaam om die verrykingsvak Kuns in graad 9 te neem, waartydens die leerders bekendgestel word aan vaardighede t.o.v. Visuele Kuns en Ontwerp.

LEERINHOUD

In graad 10 word basiese vaardighede versterk en leerders word bekendgestel aan 'n verskeidenheid tegnieke en materiale, m.b.t. tekenkuns, skilderkuns, drukkuns, drie-dimensionele stukke en konseptualisering, voordat spesialisering in graad 11 en 12 plaasvind.

Die teoretiese komponent van die vak word Visuele Kultuurstudie genoem en daar word op die ontwikkeling van visuele geletterdheid gefokus.

In hierdie vak ontwikkel die leerder vaardighede oor 'n wye spektrum, soos praktiese handvaardighede, emosionele uitdrukking en intellektuele besluitneming.

VAKVERWANTE AKTIWITEITE

Leerders kry geleentheid om aan kompetisies en uitstillings deel te neem en word ook blootgestel aan die professionele kontemporêre kunsbedryf.

ADDISIONELE HULP

In hierdie vak lyk elke leerder se werkstuk anders en die kunsleerders kry deeglike individuele terugvoer.

SPOGPLEKKIE

Visuele Kuns-leerlinge van Hoërskool Garsfontein presteer uitstekend en word elke jaar gekeur vir verdere studie aan tersiêre kunsskole.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Visuele Kuns is 'n uitstekende algemene inleiding tot visuele geletterdheid. 'n Leerder wat in enige loopbaan in hierdie veld, soos argitektuur, grafiese ontwerp, die filmbedryf, fotografie, stelontwerp, ens. belangstel, vind baat by die vak. Selfs persone wat nie noodwendig 'n loopbaan as kunstenaar gaan volg nie, se kreatiwiteit word verbeter.

Visuele Kuns is geakkrediteer as 'n vak wat toelating tot universiteitstudie verleen.

VOORBEREIDING VIR VAK IN GRAAD 8 – 9

Slegs 'n liefde vir kook is nodig en Spyseniering word ook in graad 8 en 9 as 'n verrykingsvak aangebied.

LEERINHOUD

- Teorie:
 - Gasvryheidbedryfkonsepte
 - Gasvryheidsektore
 - Loopbane- en beroepsmoontlikhede
 - Higiëne en Veiligheid
 - Apparaat en Toerusting
 - Resep-interpretasie en kosteberekening
 - Spyskaartbeplanning
 - Voorbereiding van lokaal
 - Voedselproduksie - voorberei en aanbied van voedsel
 - Voedsel- en drankdiens
 - Opruimtegnieke
 - Kliënteverhoudings
 - Bedieningstyle van voedsel
- Prakties:
 - Praktiese toepassing van die teorie en die aanleer van nuwe tegnieke.
 - Restaurationaande waar leerders 'n viergangmaaltyd berei en dit dan bedien.

VAKVERWANTE AKTIWITEITE

Restaurationaande vanaf die einde van gr 10 tot gr 12 is 'n belangrike deel van die vak.

Die Graad 10-leerders bied ontbyte aan as deel van die vak se praktiese komponent.

SPOGPLEKKIE

Ons leerders vaar goed in Sjeff-kompetisies. Alle Gr 11-leerders verwerf die Anchor Yeast-sertifikaat vir gisgebak.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

- Akkommodasiesektor:
 - Hotelle, motelle, gastehuse, oorde en bed-en-ontbytondernemings.
- Voedsel- en dranksektor:
 - Restaurante en spyseniers
- Nie-kommersieel:
 - Ouete-huse, hospitale, kos-huse, ens.



LEERINHOUD

Die vak behels die volgende:

- Die wye spektrum van die toerisme-industrie (soos die reis, gasvryheids-, ontspanning-, bewaring-, sport en rekreasie- industrie).
- Die konsep van hulpbronbestuur en hoe dit 'n impak op die toerisme-industrie kan hê.
- Die rol van Suid-Afrika, sy buurlande en internasionale lande ten opsigte van toerisme.
- Die belangrikheid van effektiewe kommunikasie, kliëntesorg, uitnemende diens en die impak wat tegnologiese ontwikkeling op die toerismebedryf uitoefen.

VAKVERWANTE AKTIWITEITE

Uitstappies, bv. na Maropeng.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Daar is altyd werk in die toerismebedryf:

Restaurantbestuur, Toergids (natuur en kultuur), Toer-operatuur, Reisagent, Bemaking, Veldgidse, ens.

Die leerder se persoonlikheid, kwaliteite en vaardighede om suksesvol te wees in die veld van Toerisme:

- 'n Voorliefde vir reis en mense.
- Kommunikasievaardigheid in ten minste twee tale.
- 'n Voorliefde vir die beplanning van spesiale funksies.
- 'n Behoefte om ander mense te help en hulle kulture te verstaan.
- Verkoops- en bestuursvaardighede.



"Dis 'n fees om 'n Garsie te wees!"



Posbus 90001, Garsfontein, 0042
Rolinastraat, Garsfontein, 0042
Tel 012 998 6096/8200 Fax 012 998 6095
E-pos garsies@garsies.co.za Webwerf www.garsies.co.za

